

16 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 48
Fokusgedeelte: Psalm 48:9

Die Here is groot ...

Soos Psalm 47, is ook hierdie psalm oor die Groot Koning geskryf, meer spesifiek oor die stad van hierdie Groot Koning. Hy heers oor die hele aarde, oor alle volke, stamme, nasies en tale. Hy heers vanuit Sion, die geestelike naam van die stad Jerusalem, waar die pragtige mooi tempel, die huis van God, gebou is.

Aanslag na aanslag is oor die eeue teen God, die Groot Koning, die Koning van alle Konings, gevoer. Sion, die stad Jerusalem, het sovele kere die aanslag van die duiwel, om die koms van Christus te probeer verhinder, moes trotseer! Telkemale is die aanslag deur God self op wonderlike maniere gestuit! Totdat die tyd van God se straf oor die volk se ontrouheid aangebreek het, en Sion, Jerusalem, met die grond gelykgemaak is ... Nooit weer was die stad dieselfde nie, en met die koms van ons HERE Jesus, het die fokus na God se ewige stad verskuif, die stad wat werklik nooit sal vergaan nie, na die nuwe stad Jerusalem, die mooiste van alle stede. (vgl. Openb. 21:9 – 22:5).

Die duiwel se aanslag het egter ook in fokus verskuif – na die nakomelinge van Jesus. Ons moet altyd onthou dat, te midde van al die aanslae teen ons, al die versoekings waaroor ons so dikwels wetend en onwetend struikel, sal ons God, die Groot Koning, altyd uitkoms gee. Hierdie uitkoms realiseer egter nie in 'n sorgvrye, ongebonde, gemaksugtige aardse lewe nie, maar stuur op iets veel, veel beter af! Jesus het immers belowe dat Hy na sy Vader sou opvaar, juis om vir ons plek te berei.

Dink daaraan: om vir ons plek te berei in die ewige Sion, die nuwe stad Jerusalem! Ons het al soveel keer in ons eie lewe die uitkoms gesien wat die HERE gegee het – die finale werklikheid van ons verlossing sal ons ook sien! Loof en prys die HERE altyd hiervoor!

Sing: Psalm 122

Ds. LSD du Plessis (Groblersdal)